RAADSBELEID

ONDERWERP : VOORAFVERVAARDIGDE GEBOUE

VERWYSING : 15.4.1.3.B

BESLUIT NR : 22.3/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om, binne die bepalings van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Standaarde, voorsiening te maak vir riglyne waaraan voorafvervaardigde geboue moet voldoen alvorens dit binne die Raad se regsgebied opgerig mag word.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om die algemene publiek in staat te stel om huide/strukture teen bekostigbare pryse op te rig.

RIGLYNE

Die Raad sal slegs voorafvervaardigde geboue in terme van die Standaard Bouregulasies en onderhewig aan die volgende voorwaardes, toelaat:

1. Alle voorafvervaardigde geboue of montasiegeboue moet in terme van die Standaard Bouregulasies opgerig word.

2. Vir elke plan van 'n voorafvervaardigde gebou, moet 'n Agrémentsertifikaat ingedien word.

3. Elke plan van ‘n voorafvervaardigde gebou sal op meriete beoordeel word om vas te stel of die struktuur vanuit 'n strukturele oogpunt aanvaarbaar is.

4. Die Raad moet bepaal of die voorgestelde struktuur esteties aanvaarbaar is en of dit by die omliggende omgewing aanpas.

5. Indien 'n kontrakteur 'n voorafvervaardigde gebou wil oprig, moet bewys gelewer word dat die kontrakteur 'n gelisensieerde kontrakteur van die Agrémentraadsertifikaathouers is.

PROSEDURE
1. Alle aansoeke vir die oprigting van voorafvervaardigde geboue moet tesame met die nodige bouplanne en Agrèmentsertifikate by die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer ingedien word alvorens daar met enige bouwerke begin mag word.

2. By ontvangs van ‘n volledige aansoek sal bogenoemde afdeling toesien dat die aangeleentheid volgens die voorskrifte van hierdie beleid en die standaard bouregulasies hanteer en oorweeg word, waarna die aansoeker van ‘n antwoord in hierdie verband voorsien sal word.

ROLLE

Die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer.

VERWANTE BELEID

1. Die Skemaregulasies.
2. Die Wet op Nasionale Bouregulasies en Standaarde

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.